SimpleStudy®

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## NOVEMBER 2017

# EKONOMIE V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Lees die vrae aandagtig deur en begin elke vraag boaan ’n NUWE bladsy.

5. Laat 2 tot 3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

6. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die uitleg, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Slegs die vereiste aantal vrae sal nagesien word in die volgorde waarin dit in die ANTWOORDEBOEK verskyn.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ‘n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1: 30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Privaateienaarskap en individuele voorkeure is belangrik in hierdie soort ekonomie:

A Tradisionele ekonomie
B Beheerekonomie
C Markekonomie
D Gemengde ekonomie

1.1.2 Geleentheidskoste ...

A verduidelik hoe mense keuses maak.
B verwys na die waarde van die volgende beste alternatief wat opgeoffer is.
C verduidelik hoe geleentheid in die ekonomie werk.
D omskryf die nut van ’n goed of diens.

1.1.3 Die totale vergoeding wat aan die eienaars van die produksiefaktore binne ’n gegewe tydperk betaal word:

A BBP
B BNB
C BNI
D BBB

1.1.4 Gedurende die resessionêre fase van ’n sakesiklus is daar ...

A geen verandering in ekonomiese groei nie.
B ’n afname in werkloosheid.
C positiewe ekonomiese groei.
D negatiewe ekonomiese groei.

1.1.5 Hierdie was verenigings van vakmanne en ander professies wat handel in dorpe en stede gedurende die markevolusie beheer het:

A Gilde
B Landhere
C Alliansies
D Hiërargie

1.1.6 Watter EEN van die volgende is NIE ’n voorbeeld van die dienstesektor NIE?

A Bankwese
B Konstruksie
C Vervoer
D Onderwys

1.1.7 Die natuurlike groeikoers is ...

A die koers waarteen ’n land ekonomies groei.
B die koers waarteen die gemiddelde mens natuurlik groei.
C die verskil tussen mense wat in ’n land werk.
D die verskil tussen die geboortekoers en die sterftekoers in ’n land.

1.1.8 Die verhouding van lewendige geboortes in ’n gebied tot die bevolking in daardie gebied:

A Mortaliteitskoers
B Absorpsiekoers
C Vrugbaarheidskoers
D Bevolkingsgroeikoers (8 x 2) (16)

Kopiereg voorbehou 

1.2 Kies ŉ omskrywing in KOLOM B wat by ŉ item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A−I) langs die vraagnommer (1.2.1−1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Model | A | Goedere wat volop is en geen prys behaal nie |
| 1.2.2 | Vrye goedere | B | Verwys na die op en af van ekonomiese aktiwiteit in die ekonomie |
| 1.2.3 | Dubbeltelling | C | Die wêreldwye integrasie van markte en produksie |
| 1.2.4 | Sakesiklus | D | Gebruik om teorieë te verduidelik en voorspellings te maak |
| 1.2.5 | Globalisasie | E | Wanneer intermediêre produkte bygetel word by finale goedere |
| 1.2.6 | Demokrasie | F | ŉ Plek waar kopers en verkopers ontmoet |
| 1.2.7 | Ekonomies-aktiewe bevolking | G | Gelyke deelname deur almal |
| 1.2.8 | Mark | H | Diegene wat werkloos is en vir een of ander rede opgehou het om werk te soek |
| | | I | Bestaan uit mense tussen die ouderdomme van 15 en 64 wat werk of aktief werk soek |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Die professies, werke en posisies wat jy beklee oor die jare wat jy werk

1.3.2 Alle menslike inspanning wat vir vergoeding aangewend word

1.3.3 Die hoogste punt van ekonomiese aktiwiteit in die sakesiklus

1.3.4 Ruil van een produk vir ’n ander van min of meer dieselfde waarde

1.3.5 ’n Ekonomie wat nie met ander lande handel dryf nie

1.3.6 Die beweging van mense vanaf landelike gebiede na stede of dorpe (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende kortvrae.

2.1.1 Noem enige TWEE soorte verbruikersgoedere. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe sal die neem van Wiskunde op skool jou help as jy ’n ekonoom wil word? (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: www.struggle.pk]

2.2.1 Identifiseer die fase in die sakesiklus asook ’n ekonomiese aktiwiteit uit bostaande spotprent. (2)

2.2.2 Hoekom dink jy sal ‘werkloos’ nie tot ’n ekonomiese ‘opstyging’ lei nie? (2)

2.2.3 Na watter sakesiklus-aanwyser verwys ‘werkloos’? (2)

2.2.4 Hoe sal jy die herstelfase van ’n tipiese sakesiklus beskryf? (4)

2.3 **DATARESPONS**

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **TOEGEVOEGDE WAARDE (R Miljoene) Huidige pryse** | | **2015** |
|---|---|---|
| 1. | Primêre sektor | 371 069 |
| 2. | Sekondêre sektor | 751 451 |
| 3. | Tersiêre sektor | 2 467 292 |
| 4. | Bruto toegevoegde waarde teen basiese prys | **3 589 812** |
| 5. | **B** belasting op goedere | 438 785 |
| 6. | **C** subsidies op goedere | 15 005 |
| 7. | Bruto binnelandse produk teen markprys | **D** |

[Bron: *SARB Kwartaallikse Bulletin*, September 2016]

2.3.1 Watter sektor het die meeste in 2015 bygedra? (1)

2.3.2 Watter berekeningsmetode is gebruik in bostaande tabel om die Bruto Binnelandse Produk te bereken? (1)

2.3.3 Benoem die ontbrekende items **B** en **C**. (2 x 1) (2)

2.3.4 Verduidelik die begrip *Bruto Binnelandse Produk*. (2)

2.3.5 Bereken die BBP soos deur **D** voorgestel. (4)

2.4 Onderskei tussen *leidende* en *sloerende ekonomiese aanwysers*. (2 x 4) (8)

2.5 Wat is moontlike oplossings om omgewingsprobleme te verminder? (4 x 2) (8)

**[40]**

## VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende kort vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE BRICS-lande. (2 x 1) (2)

3.1.2 Wat is *multi-nasionale ondernemings*? (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Die politieke spotprent is oor die drie moordenaars in Afrika. Dit toon dat die nommer een moordenaar in Afrika Vigs is. Dit is in die vorm van die Olimpiese podium in die sin dat dit die top drie moordenaars in Afrika voorstel. Die trappies is die rangorde van die moordenaars. Die karakters is almal doodsengele wat die dood voorstel. In Afrika is daar drie hoofmoordenaars en onder hulle is die top moordenaar Vigs. Hierdie politiese spotprent toon hoe dodelik Vigs vir 'n land is.




[Bron: Aangepas van www.alexandrahauber.weebly.com]

3.2.1 Identifiseer enige TWEE hoofmoordenaars in Afrika. (1 x 2) (2)

3.2.2 Waarvoor staan die akroniem Vigs? (2)

3.2.3 Watter land het die hoogste MIV/Vigs koers in Afrika? (2)

3.2.4 Wat is die impak van MIV/Vigs op die bevolkingstruktuur? (2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**WERKTOESTANDE VAN UNIE EN NIE-UNIE LEDE**

| **Gedeelte van werkers met:** | **Privaatsektor** | | **Openbare Sektor** | |
|---|---|---|---|---|
| | **Nie-unie** | **Unie** | **Nie-unie** | **Unie** |
| Geskrewe kontrakte | 83,3% | 98,4% | 99,7% | 100,0% |
| Betaalde verlof | 62,0% | 92,5% | 54,3% | 97,8% |
| Permanente kontrakte | 57,6% | 91,0% | 38,9% | 96,5% |
| Bedingingsraad-dekking | 2,8% | 8,2% | 11,4% | 35,5% |
| Geen loonbedinging van enige aard | 82,3% | 8,3% | 72,7% | 2,5% |

[Bron: theconservation.com]

3.3.1 Identifiseer TWEE sektore uit bogenoemde tabel. (2 x 1) (2)

3.3.2 Omskryf die begrip *vakbonde*. (1 x 2) (2)

3.3.3 Gee en verduidelik EEN rede waarom werkers sal verkies om aan ’n vakbond te behoort soos uit die tabel blyk. (2)

3.3.4 Waarom is vakbonde belangrik in Suid-Afrika? (2 x 2) (4)

3.4 Omskryf die ontwikkeling van markte en handel in die vroeë gemeenskappe. (8)

3.5 Gee jou opinie oor die impak van immigrasie en vlugtelinge op die bevolking van Suid-Afrika. (8)

**[40]**

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende kort vrae.

4.1.1 Noem TWEE soorte verbruik. (2 x 1) (2)

4.1.2 Wat is *immigrasie*? (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE RYK LAND WAT ARM IS**

In Afrika is daar 'n groot land wat een van die armste lande in die wêreld is. Die ironie is dat hierdie land platinum- en uraanneerslae het wat onontgin is omdat die land 'n skaarste het aan geskoolde arbeid en kapitaal. Die grootste gedeelte van hierdie land bestaan uit woestyn.

[Bron: *Clever Economics Grade 10,* Bladsy 22]

4.2.1 Identifiseer TWEE mineraalneerslae uit die uittreksel. (2 x 1) (2)

4.2.2 Omskryf die begrip *skaarsheid*. (2)

4.2.3 Haal uit die uittreksel aan om te bewys dat daar beperkte produksiefaktore in hierdie land is. (2)

4.2.4 Hoe raak *absolute* en *relatiewe skaarsheid* die ekonomie van ontwikkelende lande? (4)

**[14]**

4.3 **DATARESPONS**

Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SLEUTEL ARBEIDSMARKAANWYSERS**

| | **Jan – Mar 2016** | **Okt.-Des 201 6** | **Jan -Mar 2017** | **Kwrtl – tot-Kwrtl. verandering** | **Jaar-tot-jaar verandering** |
|---|---|---|---|---|---|
| | **Duisend** | | | | |
| **Arbeidsmag bevolking (15—64 jaar)** | **36 431** | **36 905** | **37 061** | **156** | **630** |
| **Arbeidsmag** | 21 398 | 21 849 | 22 426 | 577 | 1 029 |
| **In diens geneem/Werkende** | 15 675 | 16 069 | 16 212 | 144 | 538 |
| Formele sektor (nie-landbou) | 10 983 | 11 156 | 11 337 | 181 | 354 |
| Informele sektor (nie-landbou) | 2 565 | 2 695 | 2 681 | -14 | 116 |
| Landbou | 869 | 919 | 875 | -44 | 6 |
| Privaat huishoudings | 1 257 | 1 299 | 1 319 | 21 | 62 |
| **Werkloos** | **5 723** | **5 781** | **6 214** | **433** | **491** |
| **Nie ekonomies aktief** | **15 033** | **5 781** | **14634** | **-421** | **-399** |
| Ontmoedigde werksoekers | 2 434 | 2 292 | 2 277 | -15 | -156 |
| Ander (nie-ekonomies aktief) | 12 599 | 12 763 | 12 357 | -406 | -242 |
| **Koers (%)** | | | | | |
| Werkloosheidskoers | 26,7 | 26,5 | **?** | 1,2 | 1,0 |

[www.statssa.gov.za]

4.3.1 Gee die syfers vir in-diens-geneemde/werkende en werklose mense gedurende die laaste kwartaal van 2016. (2 x 1) (2)

4.3.2 Verduidelik die begrip *Nie Ekonomies Aktief*. (2)

4.3.3 Watter neiging neem jy in die tabel waar by die werkende arbeidsmagbevolking? (2)

4.3.4 Bereken die werkloosheidskoers vir die 1ste kwartaal van 2017. (4)

4.4 Vergelyk *vrye goedere* en *ekonomiese goedere* in die ekonomie. (2 x 4) (8)

4.5 Hoe het landhere hul rykdom in antieke tye gebruik? (4 x 2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling.

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is ʼn lae-orde respons:<br>• ʼn Goeie begin sou wees om ʼn definisie te gee van ʼn konsep of sleutelwoord wat in die vraag voorkom<br>• Moenie enige gedeelte van die vraag in jou inleiding gebruik nie<br>• Moenie enige gedeelte van die inleiding in die inhoud herhaal nie<br>• Poog sover moontlik om nie in die inleiding te noem wat in die inhoud bespreek gaan word nie | Maks. 2 |
| **Inhoud**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/ Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik / Assesseer/ Debatteer<br><br>**Addisionele gedeelte:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken ʼn grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/ Verduidelik/ Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/ Hoe?/ Stel voor | Maks. 26<br><br><br><br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige toepaslike hoër-orde slot behoort die volgende in te sluit:<br>• ʼn Kort opsomming van dit wat bespreek/ontleed is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is<br>• ʼn Mening of waarde-oordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Addisionele ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk<br>• ʼn Teenstrydige sienswyse met motivering, indien vereis<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL:** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

*Die ekonomie bestaan uit ʼn baie komplekse web van ʼn groot aantal verskillende aktiwiteite wat deur miljoene mense onderneem word.*

- Bespreek die rol wat elke deelnemer in ʼn oop ekonomiesekringloopmodel speel. (26)

- Wat is die uitwerking van ʼn ekonomiese afswaai op deelnemers aan die ekonomie? (10)

**[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

*Die grootte van 'n land se bevolking speel 'n enorme rol in die ekonomie en dit is belangrik dat mense gereeld getel moet word, byvoorbeeld elke vyf jaar.*

Bespreek, in detail, die fases in die demografiese siklus onder die volgende opskrifte:

- Die hoë stilstaande fase
- Die vroeë uitbreidingsfase (26)

Hoe sal jy 'n sentraalbeplande ekonomie omskryf? (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou